Die Knoppertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

18 Mei 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00) (Voorbereiding)
Skriflesing: Mattheus 24:1-28
Teks: Mattheus 24:8,13,28
Sing: Ps. 8:1,2,5; Ps. 61:1,2; Ps. 72:2,6; Ps. 33:8

GOD SE MÔRE BEGIN VANDAG

God se môre begin vandag! Dit moet vir u en my 'n wekroep in God se koninkryk wees.

As Jesus hierdie laat Dinsdag-middag praat oor dinge wat in die toekoms gaan plaasvind dan gaan dit nie oor 'n verre toekoms nie, maar dit is dinge wat nou direk by jou en my betekenis moet kry.

God se môre begin waarlik vandag. Dinge wat vir ons mag lyk dit wys op die einde, is in baie gevalle alles behalwe die einde...

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)
Skriflesing: Spreuke 5; Hooglied 8; 1 Korintiërs 6:12-20
Kategismus: Sondag 41
Teks: Spreuke 5:3-5; Hooglied 8:6; 1 Korintiërs 6:18-19
Sing: Ps. 98:1,3; Ps. 18:1,13; Ps. 130:3

DIE LIEFDE (SEKS) IS GEEN KINDERSPEL

Wie met die liefde speel, direk vertaal, wie met seks speel, speel met vuur. Die gloed is 'n vlam van die Here. Dan is daar in Hooglied 8:9 die broers wat ook oor hulle jong sustertjie praat. Hulle sustertjie kan soos 'n muur wees, of soos 'n deur wees. As sy 'n muur is, m.a.w. sy staan vas, die sedelose jongmanne kan nie haar reinheid, kuisheid skend nie, dan sal haar broers haar eer. Aan die ander kant as sy soos 'n deur is, onstandvastig, sedeloos, gedurig besig om oop– en toe te gaan, dan sal hulle haar met 'n sederplank toeslaan.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 6 en 7 (sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico v/d Dussen
Diakens: Alwyn Wolmarans en Reuben Grobler
Diensbeurt (25/05) (Wyke 10 en 11)
Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis
Diakens: Henry Foster en Stephan du Plessis

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES...

Br Dries de Ridder bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Daar was in hierdie week n groot terugslag. Tans is hy in Zuid-Afrikaan hospitaal. Ons broeder gaan deur baie swaar tye. **Sr Marthie Steyn** was die week in die hospitaal (Akasia-kliniek). Ons is dankbaar dat sy weer ontslaan kon word. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. Die beplanning is dat ds. Andries weer DV op 22 Mei geopereer sal word. Ons gebed is dat die Here in alles met hom sal wees. **Br Danie Theunissen** se broer (tegelyk **sr Susan Nienaber se swaer**) is baie ernstig siek. Ons bid vir hierdie families in hierdie tyd. **Sr Janet Riekert** is terug. Ons is dankbaar vir die herstel wat kon plaasvind. Sr **Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in 'n gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand. Belangstellendes kan met oudl. Andries du Plessis skakel.

KLEINE MUISIES LANG STERTE

Baie keer is dit klein sakies wat tog groot steurnisse kan veroorsaak. Daar is versoek dat ons almal oproep om nie in die regkry van u kollektegeld so daarna te soek en die soektog so 'n geraas veroorsaak dat met die slotseën wat wesentlik belangrik vir die erediens is dat ander deur die geluid van geld mag voel hulle word benadeel by die voorreg om God se seën te hoor en te ontvang nie.

65+ FUNKSIE

Die kwartaal se funksie vind by die kerk plaas op 17 Mei 2014. Dank aan almal wat dit weer moontlik gemaak het. Die tema is *raai...raai.* Belangstellendes en die wat vervoer benodig moet die kosterswoning skakel

OOP GESPREK-

Daar sal by wyse van SMS laat weet word of ons wel weer op Saterdag 25 Mei 'n oop gesprek gaan hou. Die tema, spreker en tyd sal dan met u bevestig word...

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens**	DVB	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Instand-houding
25/05/2014 **1ste diens**	Paul Kruger Kinderhuis	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
18/05	Voorbereiding
25/05	Nagmaal
29/05	Hemelvaart (Erediens 18h30)

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 16

Christus Self is immers die Rots waarop ons gebou is en die Hoeksteen van die gebou.

Wat het Jesus dan werklik met hierdie woorde bedoel ?

Ons Here het van **die *belydenis***, wat Petrus gedoen het, gepraat as **die rots** waarop die Kerk gebou sal word. Daarom lees ons in die briewe van die Apostels dat die Belydenis dat Jesus die Here is, vir ons die bewys is dat ons die ware geloof ontvang het en dat ons die Heilige Gees ontvang het. Hý plaas hierdie geloof in die harte en die belydenis op die lippe. *Die Kerk moet homself deeglik ondersoek of hy nog bou op die "fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus self die hoeksteen is" (Ef 2:20).*

Poorte van die doderyk – Nooit, nie eers deur die geweldigste vervolgings nie, sal die Kerk van die HERE oorweldig word nie (Rom 8:31-39). Satan woed en tier tevergeefs.

16:19, sleutels van die Koninkryk – Christus spreek Petrus aan omdat dit hy is wat die belydenis gedoen het. Uit wat ons elders lees van die roeping en stuur van al die Apostels, weet ons dat Hy deur hulle almal die sleutels van die Hemelryk aan die hele Kerk van alle tye gegee het (sien **18:18**). Die Heidelbergse Kategismus toon uit die Skrif aan dat hierdie sleutels die Woord se verkondiging en die kerklike vemaning (of tug) is.

[Hieruit moet ons die idee verwerp wat Petrus die wag by die hemelse poorte is, en die smaaklose en lasterlike "grappe" daaroor vermy. Paulus het juis gewaarsku teen sinnelose en lawwe praatjies.]

Dit beteken nie dat **mense** *vryspreek en veroordeel nie. Waar die tug reg uitgeoefen word, gaan dit heeltyd gepaard met die Woord (Christus) en gebed (om die helende werk van die Heilige Gees). Dan is die mense (of kerkraad) slegs* ***instrumente*** *van Christus. Dan is dit Hy wat deur die mense die pad na die Koninkryk sluit of ontsluit. Dit verskil van die Roomse wat hulle "priesters" sogenaamd die mag gee om persoonlik en regterlik mense se sondes te vergewe.*

Hierdie sleutelmag was ook in die hande van die regsinnige konings van Israel geplaas, soos in die geval van koning Eljakim, as uit die huis van Dawid (Jes 22:22).

Christus is die werklike sleuteldraer (Openb 1:18; 3:7,8,12). In Sy Naam word die mense opgeneem in of weggeweer uit Sy Liggaam, die Kerk.

16:20-21, vir niemand moes sê – Soos dikwels aan mense gesê is wat genees was, word die Dissipels ook vir eers swye opgelê. Dit is nog nie die tyd vir Jesus se hoogtepunt van Sy werk nie, en die Fariseërs moet vir eers nog eenkant gehou word.

Jesus sê egter vir hulle wat met hierdie hoogtepunt gaan gebeur: Sy dood en opstanding. "*Op die bodem van alle vrae lê die sondeskuld van die mense", sê Totius. Hierdie skuld van ons lê swaar op ons Middelaar, as Hy onmiddelik na die belydenis van Petrus die lyding wat vir ons die versoening aanbring begin predik. By Hom alléén is ons redding.*

As die vuur van Petrus se belydenis in `n mens se hart brand "moet die vlamme buitentoe uitslaan. Wie Christus se gestalte gesien het, móét van die ontmoeting spreek." Daarom hoor ons Petrus ook dadelik na die Pinkstergebeure bekering en redding verkondig (Hand 2:21; 3:12-26).

Ly en gedood - Hierdie was die eerste aankondiging van Jesus oor Sy komende lyding.

16:22-23, Mag God dit verhoed – In sy ywer vir Christus sê Petrus eintlik hier dat hý sal verhoed dat Jesus so moet ly.

Satan se werk word verder openbaar – hy wil Jesus selfs deur Sy Dissipel versoek. Jesus spreek die duiwel dan direk aan as `n struikelblok wat teen God se Raadsplan werk.

Opneem van die kruis

16:24, sy kruis opneem – `n Verdere regstelling van die Dissipels se verwagting van `n aardse ryk en glorie volg nou. Om Christus se volgeling te wees beteken dat daar `n las sal wees om te dra. Dit bring ook vereenselwiging met Sy lyding weer. In Joh 15:18-19 en ander plekke hoor ons dat die wêreld die Christene sal haat en vervolg. `n Ware dissipel moet nie die lydensweg van die Messias dwarsboom nie.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Mei1882– Hollands toegelaat in Kaapse parlement; *5 Mei 1861*– Ingebruikneming van eerste kerkgebou in Burgersdorp; *5 Mei 1975*– SAUK begin met proef televisie-uitsendings in SA; *7 Mei 1880*– tweetoringkerk in Bloemfontein in gebruik geneem; *9 Mei 1872*– Danie Theron gebore; *9 Mei 1883*– Paul Kruger as staatspresident ingesweer; *10 Mei 1945*– Sanger Koos du Plessis gebore; *12 Mei 1898*– Paul Kruger die laaste keer as staatspresident ingesweer; *12 Mei 1652*– Die eerste Nagmaal in SA bedien deur ds. J Backerus; *12 Mei 1859*– Gerf kerk Reddersburg gestig; *14 Mei 1699*– Goew Rijk Tulbach gebore ; *14 Mei 1996*– Skrywer Elsabe Steenberg oorlede; *22 Mei 1875*– Dr. DF Malan gebore; *22 Mei 1879*– Ds. Dirk Postma as Teol prof. bevestig; *26 Mei 1794*– Ds. Andrew Murray gebore; *27 Mei 1564*– Johannes Calvyn oorlede; *28 Mei 1856*– Nonnie de la Rey (Greeff-egg Koos de la Rey) gebore; *28 Mei 1911*– Ds. SJ du Toit oorlede

BEROEPENUUS— 18 Mei 2014
Beroepe ontvang
Ds P Cilliers van Daniëlskuil/Delportshoop/Duineveld-kombinasie na Louis Trichardt.
Ds JJ de Kock van Sannieshof/Delareyville-kombinasie na Oranjerivier.
Ds R Jansen van Vuuren van Hendrina/Carolina na Phalaborwa.

IS MENSE RYP VIR GEREFORMEERDE GETUIENIS (3) – *deur prof. GJC Jordaan*
Vervolg van verlede week

Vir die humanisme is hierdie gereformeerde mensbeeld onaanvaarbaar.· Dit is vernederend vir die mens om te hoor dat hy uit homself tot niks goeds in staat is nie. Veel eerder ontvang hy die goeie getuigskrif van die humanisme wat vertel hoe goed die mens in homself is. Die mens ervaar die gereformeerde leer van bekering van bose werke en heiligmaking as ''n beperking op sy eie begeertes. Daarom skaar hy hom veel eerder by die humanistiese strewe na vryheid van spraak, vryheid van godsdiens en ander vryhede van optrede. Ook word alle vorme van gesag bevraagteken, verwerp en selfs afgetakel. Die mens van die humanisme het mos nie inherente boosheid wat beteuel moet word nie: hy is mondig om self te besluit wat hy wil en mag. Daarom het hy nie owerhede en gesag oor hom nodig nie. By 'n samelewing wat deur sulke humanistiese denke deursuur is, val elke eg gereformeerde getuienis op dowe ore. Mense wat vyandig staan teenoor die gedagte dat die mens in homself verdorwe is, verwerp ook die res byvoorbaat. Dit lyk werklik of die Suid-Afrikaanse samelewing nie ryp is vir 'n gereformeerde getuienis nie.

Die tyd wel ryp vir 'n gereformeerde getuienis

En tog leer die Here Jesus sy dissipels dat die oes groot is en die arbeiders min (Luk. 10:2). Ja, werklik, die oes staan ryp op die lande. Juis in 'n tyd van vyandigheid teenoor die gereformeerde leer is die tyd ryp om van die waarheid te getuig. Kom ons stel dit duidelik: die Suid-Afrikaanse samelewing is ryper as ooit vir 'n gereformeerde getuienis! Hoe dan gemaak om ons getuienis te laat hoor? Moet ons die gereformeerde leer op die punt van die verdorwenheid van die mens so 'n bietjie afskaal ten einde dit meer aanvaarbaar te maak? Daar is gereformeerdes wat blykbaar so iets oorweeg. Dit sien 'n mens in enkele stemme wat opgaan teen die leer van die verdorwenheid van die mens. Maar dit kan tog nie? Diegene wat so ''n weg wil opgaan, is self nie ryp om 'n gereformeerde getuienis te lewer nie. 'n Halwe waarheid is immers erger as 'n leuen. SLOT

Vandag – Dirk Badenhorst (sr.) 0822638792	20/05– Magriet Venter 0734444410
19/05– Ansie Putter 0826141665	23/05– Dominique van den Berg 0833791431
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag

Vir twee teenstrydige waarhede is die heelal te klein en die ewigheid te kort – CJ Langenhoven